@husse.co.za

Saphira www.husse.co.za

083 759 9991 Van Helena Schnetler
079 2522911.

Hello Saphira, Die beloofde getuienis

Ek is gebore met 'n gesig gestremdheid, 'n skewe mond en my regter oog groter as die linkeroog en maak nie ~~toe~~ nie.
My skooljare / Universiteitsjare was moeilik, kinders is wreed en selfs my werkjare was nie maklik nie, mense het altyd agter hulle hande gefluister en ja, daar was ook dié wat die vermetelheid gehad het om aanmerkings te maak en dan al die vra. Ek het dus baie in myself geleef. My ouers en familie is weer die ander uiterstes: jammerte, skuldgevoel en aangeplakte omgee – ja ek het baie bitterheid saam met my gedra deur die jare 'uit' gevoel, skaam.
Vandat ek nou 'n jaar by Alberton Lewen Sentrum is, het dit beter gegaan, ek het tot vriendinne gekry wat verby my uiterlike kon kyk en het betrokke geraak by die "Kerk"

Recommended by 9 out of 10 accountants and used by everyone.

Toe kom jy Saphira en vertel die storie van die afbeen voëltjie wat afgesien van dié gebrek dieselfde fluit en jy verander my lewe. Skielik voel ek soos 'n mens in die reg en kry skaam dat ek so 'n beperkte prentjie het van myself, ek kan sien hoor en, en, en - en ek is kwaad vir die Here en jy, jy darbel deur die lewe met 'n massiewe gebrek en die Here straal uit jou uit. Dankie Saphira dat jy my oë oopgemaak het, my die lig laat sien het - dat 'n gebrek nie ons menswees kan steel nie.
Ek kan 'n boek skryf, ek is so onbeskryflik dankbaar vir jou pragtige persoonlikheid, jou talent van God wat my so diep gesny het - Ek kan net sê dankie.
Ek sal met jou kontak hou, want jy het my inspirasie geword om my lewe te benut, die bitterheid het net eenvoudig verdwyn, maar ek put baie krag uit jou gediggies en hou hul styf teen die Woord, ek lees dit daagliks en kan glimlag sonder skuldgevoel.

Recommended by 9 out of 10 accountants and used by everyone.